DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**23 April 2023**



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 2 Korintiërs 1: 1 - 11 |
| **Tema** | ***Troos, bemoedig en gee mekaar hoop.*** |
| **Sang** | Psalm 146: 1, 3<br>Psalm 20: 1, 2<br>Psalm 48: 5<br>Psalm 89: 6, 11<br>Psalm 100: 2, 4 |

Ons land beleef een krisis na ‘n ander. As dit nie kragmaste is wat omval nie, dan word kabels gesteel wat ons in duisternis dompel. Inflasie neem skrikwekkend toe. Hoe moet ons dit hanteer? Baie lidmate is moedeloos agv siekte, toenemende verarming, en die pyne van die ouderdom. En dit bring by baie ‘n gevoel van moedeloosheid. Ons het soveel uitdagings, struikelblokke, verdrukking en lyding in die wêreld rondom ons. Hoe kan ons as lidmate mekaar vandag troos?

Die apostel Paulus begin sy tweede brief aan die Korintiërs deur God te loof as die Vader van ontferming en troos.

Hoe heerlik om te besef dat ons Vader vanaf sy troon Hom oor ons ontferm! Hy het meegevoel met ons en gee waarlik vir ons om. Maar die lof gaan nog verder, omdat God se ontferming ook oorgaan in daadwerlike hulp en troos. Hoe help en vertroos die Here ons? Paulus sê: "… ons troos is oorvloedig deur Christus." In Christus ontvang jy oorvloedige troos! Met ander woorde: jy het arms vol trooswoorde en troosdade om uit te deel! En nie sommer oppervlakkige en menslike troos nie, maar ware troos in Christus! Want ons is nou in Christus tot 'n nuwe lewe en gemeenskap opgewek! Die Griekse woord is "Paraklesis" en dit beteken ten diepste om iemand nader te roep met die doel om hom of haar te help! Dit is afgelei van die woord vir die Heilige Gees: "Parakleet". Dit is wat God ons gemaak het – kinders van die Gees! Deur die Gees bring ons troos, hulp en hoop vir mense! 'n Lewe waar daar steeds lyding gaan wees, maar waar ons altyd op God wat die ewige lewe werk, kan vertrou. God wat alles kan vermag, sal ons bemoedig en versterk om te kan volhard.

Ons swaarkry fokus nie ons aandag net op die stukkend om ons en op die gevolge van die sondeval nie. Dit rig ons oë juis vorentoe, op die heerlikheid van die herskepping en verlossing wat ons Here Jesus Christus bring deur die kruis.

En dit laat ons al meer uitsien na die heerlikheid wat ons Here vir ons verseker aan die anderkant van die graf. Van hierdie enigste troos in Christus moet ons lewens getuig in tye van nood, want so kan ons eie lyding ook tot troos en versterking wees vir ander. Ons moet hoor en beleef watter nood bestaan en vanuit die werklikheid van die lyding in mense se lewe bring ons vir hulle Christus! Ons raak persoonlik betrokke by mense in hulle nood. En ons verbind hulle aan Christus! Ons bring hulle na Hom toe! Dit is ons opdrag in 'n trooslose wêreld.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat Kudu Pretorius se operasie suksesvol was. Sterkte met die gegeurde water wat jy die volgende paar weke moet drink.
* Ons bid vir oom Jan Cloete wat baie swak is, maar beter is na byna twee weke in die hospitaal. Ons bid vir tannie Sheila wat swaarkry.
* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat herstel na die chemo en bestraling ontvang.
* Ons is baie dankbaar dat Tialeen nou tuis kan aansterk na die operasies wat sy ondergaan het. Baie dankie vir u meelewing tydens haar hospitalisasie. Ons het groot waardering vir die omgee wat ons ervaar het.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 23 Apr 2023

**Diensbeurt:** Wyk 17
**Ouderling:** Fanie Hattingh

**Katkisasie:** Les 8
**Diaken:** Theyman Jongbloed

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE




**23 April 2023**
Daleen Korff
Hester Korff
Nadia Kotze
Hannelie Kruger

**7 Mei 2023**
Harriet Kruger
Karen Kruger
Anette Kruger
Theunet Kruger

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Di) 25 Apr | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 26 Apr | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| (So) 23 Apr | ***Fanie Hattingh ***** | ***81*** | B | 082 556 7681 |
| (Ma) 24 Apr | De Wet Hoogendyk | 7 | D | 084 802 3323 |
| (Wo) 26 Apr | Leon Venter | 61 | B | 083 292 3250 |
| (Do) 27 Apr | ***Bets Geldenhuys *****<br>Hannelie Krüger | ***83***<br>63 | B<br>B | 084 496 1845<br>082 856 8509 |
| (Vr) 28 Apr | ***Sarie Kotze *****<br>***Piet Bornman ****<br>Melanie Weidemann<br>Bénita Barkhuizen | ***80***<br>***71***<br>35<br>28 | B<br>B<br>B<br>B | 083 455 8651<br>082 681 5114<br>083 419 2911<br>071 609 1633 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (So) 23 Apr 1977 | Francois & Heila Lessing | 46 | 083 626 0185<br>083 627 4191 |
| (Ma) 24 Apr 2004 | Braam & Nita Schutte | 19 | 082 813 3887<br>079 515 1425 |
| (Wo) 26Apr 2014 | Jaco & Betsie de Witt | 9 | 084 209 4220<br>084 513 8300 |
| (Wo) 26 Apr 2019 | Willim & San-Mari v Wyk | 4 | 083 627 2726<br>082 308 4825 |

# KOLLEKTES

**Kollektes April 2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**9 April  Bybelverspreiding**~~
~~**16 April  Expando**~~
**23 April  Bystandsfondas vir Diakonie**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Ek wil vir die Here sing**
**solank ek leef,**
**ek wil my God besing**
**solank ek bestaan.**

**Psalm 104:33**

# MOOTLITE-KAMP AMPTELIK

**Mootlite-kamp Amptelik**

In opdrag van Streeksinode Pretoria

mootlitekamp@gmail.com

**Geagte kerkraad en diakonie**

**Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bied reeds vir 40 jaar die Moot - Skoolverlaterskamp aan. Uit hierdie kamp het die Mootlitekamp ontstaan, wat sedert 2012 baie suksesvol aangebied word.**

**Die Mootlitekamp is dus 'n amptelike kamp van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Vanjaar se kamp sal DV van 25 Junie- 30 Junie aangebied word. Die Kamp het ten doel om leerders van Graad 5-9 toe te rus om hulle Gerformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.**

**Die kamp skep 'n ruimte waar kinders deur pret, spanwerk en samehorigheid hulle belydenis en Bybelkennis kan verbreed. Daarom behandel ons ook op die kamp hierdie jaar al die "EK IS"-UITSPRAKE, tesame met die Apostoliese Geloofsbelydenis, soos uiteengesit in Heidelbergse Kategismus Sondag 7-24.**

**Die belangrike saak van die waardevolle inhoud van ons geloof (gewisse kennis en vaste vertroue) sal veral 'n sentrale rol speel in die inhoud van die kamp.**

**Ons vra ook asseblief dat kerkrade die weg oop sien om hulle kinders aan te moedig om die kamp by te woon.**




**Inskrywings by https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc3SHix-q3PomHEhUcNRYLKQ-aofoMxLPUnLhtge8WI48lUDQ/viewform?usp=sf_link**

**Vir enige navrae of onduidelikheid kan u gerus vir Ds Lohan Linde (0847875119) skakel.**

**Enige bydraes kan inbetaal word by:**

**GKWBS Mootlite**

**Absa Spaarrekening**

**9116 4825 49,**

**Verwysing: MOOTLITEKAMP**

# SILWERDOPPERS

**Die Silwerdoppers is vanaf 2 tot 5 Mei 2023 in die Kruger Wildtuin.** Hulle sal by Olifants kamp tuisgaan.




**Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar** vir die Wildtuin uitstappie en as enige lidmaat nog wil gaan, moet jy nou jou plek bespreek anders sal jy nie kan saam gaan nie.

**Skakel vir Marina vd Walt op 072 135 6905, om jou plek op die jaar se Wildtuin uitstappie te verseker.**

# DIAKONIE (LAPSAK PROJEK)

**Die diakonie wil graag die gemeente bedank vir almal se hulp met die Lapsak Projek wat deur die diakonie geloots is.**

**Almal se hulp maak dit vir die diakonie moontlik om hulle werk binne die gemeente te doen soveel makliker.**



**Daar is weer Lapsakke uitgesit in die portaal met 'n wenslys op. Lidmate kan weer van die sakke neem en vul en so weer help. BAIE DANKIE aan almal !!!!!!**

# SILWERKRANS SENIORBEDIENING



# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Jesus het alle mag in die hemel en op aarde - Mat 28:18**

**Hy gee die opdrag;
gaan dan na al die nasies en maak die mense my dissipels**



**Laat ons Sout & Lig
in hierdie wêreld wees**

**Is jy 'n dissipel? Mat 28:19**

**..maak die mense my dissipels, leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**

**'n Opdrag van Jesus self.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Die belofte van Jesus

20 En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêrerld.

Hy sal jou lei in elke gesprek waar jy Sy naam op die lippe neem.



## Praat saam….

Laat ons as gemeente die opdrag van Jesus om mense Sy dissipels te maak, begin doen.

Daar is geleentheid om enige Dinsdag 18h00, saam te kom beleef hoe dit is om as dissipel op te tree by die TROK BEDIENING

Skakel:
André Bakker 083 457 1711

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Koningskinders<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus, die Vader van barmhartigheid en God van alle bemoediging!*

*2 Korintiërs 1: 3*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS